

## **Sing vooraf staande: Psalm 48:4 (p. 245)**

- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk  
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,  
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning  
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.  
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 81:1, 4 (p. 411)**

- 1 Laat ons nou die HEER / wat sy volk verbly het / deur sy sterkte, eer!  
Hom, die grote God, / wat weer feesgenot / vir sy volk berei het.
- 4 Want dis die bevel / wat alom weerklink het / onder Israel;  
dis die groot gebod / van 'n troue God / wat aan ons gedink het;

## **Gebed**

### **Psalm 31:3 (p. 143)**

- 3 U is my eewge rots, o HERE! / Diep in u veil'ge sy / sal ek genestel bly.  
U sal my lei, u Naam ter ere, / tot ek die net verby is / wat voor my voet gesprei is.

**Skriflesing: Palm 96**

**Teks: Psalm 96; Kategismus Sondag 36**

Dawid gebruik die taal en woorde wat God hom gegee het om die grootheid van die Here op die aarde te loof.

- Die Here het nie ons taal aan ons gegee net om met mekaar te gesels nie. Hy het dit ook (veral) gegee sodat ons Hom daarmee moet verheerlik en grootmaak.
- Dis 'n baie besondere voorreg wat ons het om God te prys –
  - dat ons 'n taal het met woorde sodat ons God kan smee om ons te help in ons nood; en
  - om Hom te kan dank vir al sy genade.

Maar ons taal plaas ons in 'n verhouding van geweldige verantwoordelikheid voor God.

- Ons word gedoop in die Naam van die Drie-enige God.
- Daar word ons aangetoon as sy eiendom wat Hom in alle waarheid moet aanbid.

Maar nou is die teendeel so dikwels waar. Ons versuim hierdie mooi pligte en gawes van ons. Ons doen die nalatigheid op twee maniere.

- Eerstens omdat ons die Here nie met die tong en mond loof soos wat ons moet nie.
- Tweedens omdat ons sy Heilige Naam – wat ook in ons taal gegee is – ydellik gebruik.

Dis die hele kwessie van die derde gebod. Die hele ellende is dat ons dikwels so diep val, dat ons die Naam van die Here somer doodgewoon misbruik in ons gesprekke, sonder dat ons dit selfs agterkom.

Dit is 'n baie ernstige sonde om die Naam van God ydellik te gebruik.

- Ydellik gebruik, beteken dat ons dit gebruik onder omstandighede waar dit duidelik is dat dit nie met die nodige eerbied en respek is nie.
- Wanneer ons in die gebed God se Naam aanroep, is dit met groot respek en verwagting – dan verhoor God ook ons gebed.

Iemand wat God se Naam gebruik om te vloek, moet homself in verhouding tot God sien.

- Met wie praat hy wanneer hy vloek?
- Dit kan tog nie met God wees nie, want met God praat mens net met groot huiwering.

God luister en verhoor wanneer ons sy Naam uitspreek in die gebed.

- Maar wie luister wanneer God se Naam heen en weer geslinger word in 'n gewone gesprek?
- Kan ons verwag dat die Here met deernis na ons moet kyk wanneer ons oneervol sy Naam noem, of selfs uitskreeu?

Ydellike gebruik van God se Naam beteken letterlik dat ons God vir die gek hou: Ons bly Hom roep, maar ons spreek Hom nie aan nie.

Kyk net na die rol wat God die Heilige Gees in hierdie saak speel.

- Die Heilige Gees leer ons die Naam van God ken.
- Hy leer ons om in hierdie Naam te aanbid.
- Hy leer ons ook wat om te bid as ons voor God staan.

'n Persoon wat God se Naam ydellik gebruik, moet homself daarvan vergewis of hy die Naam van God gebruik omdat die Heilige Gees hom inspireer om dit te doen.

- Verder ook die vraag: In wie se Naam gaan hy wat die Here se Naam ydellik gebruik na die eredienste toe?

Die Christene het van die begin af die gebruik om mekaar in die Naam van die Here goeie wense toe te wens.

- In die Nuwe Testament het die mense mekaar gegroet met die woord: Genade.
- Die wat meer Joodse agtergrond gehad het, het gegroet met die woord: Vrede.
- Die apostel Paulus het die twee aanmeakaargelas, en daarom lees ons in die Bybel dat hy die mense groet met: **Genade en vrede vir julle!**

'n Groet in die Here, want Hý gee genade en vrede.

- So 'n Christelike groet is dus niks anders as 'n gebed nie.
- Jy bid dat God sy genade en vrede moet skenk aan hierdie mens voor jou.

*Maar weer staan hy wat die Here se Naam ydellik gebruik werklik sonder hierdie voorreg, want hoe kan hy God die een oomblik smaad, en die volgende oomblik smeek om iemand te seën. Dit is tog sekerlik nie moontlik nie.*

Sodanige mens moet lewe sonder seën.

- Hy lewe dan saam met die toorn van God.
- Mens kan seker met goeie reg sê dat laster 'n gebed vir die duiwel is, want iemand wat laster betuig homself openlik as 'n vyand van God.

Die saak van laster, en die ydellike gebruik van die Here se Naam gaan nog verder.

- Die valse eed wat mense sweer, val ook onder Godslastering en ydellike gebruik van die Naam van die Here.
- As jy 'n eed sweer, dan beteken dit dat jy God as getuie inroep dat Hy moet instaan vir die waarheid wat jy nou vertel.

Sweer jy 'n valse eed, dan roep jy die Regverdige God van waarheid in om in te staan vir jou leuen.

- Jy skend dus sy heiligheid openlik.
- Daarom vertoorn die Here Hom so oor hierdie soort van sonde.

Maar nou gaan die saak nog verder. Dit gaan nie net oor vals sweer nie, maar ook oor onnodig sweer.

- God se Naam moet baie spaarsamig en met die hoogste waardigheid gebruik word.
- Hy kan nie ingeroep word vir elke nietigheid nie.

Dit beteken nou nie dat ons glad nie 'n eed mag sweer nie. Inteendeel!

- Die ware eed is 'n erkenning en verheerliking van God se Naam.
- Maar die eed wat ons sommer sweer in geselskap, strek nie die God van hemel en aarde tot eer nie.

Dit is sekerlik baie maklik om te sê dat ons nie in hierdie sondes deel nie, want ons vloek nie, en ons sweer ook nie onnodig nie. Dan kan dit dalk so wees.

- Maar wat van die mense wat in ons teenwoordigheid die Naam van die Here ydellik gebruik?
- Ons bekommernis oor God se heiligheid moet so groot wees dat ons hierdie mense in liefde behoort te vermaan.

Ons kan nie sommer sê dat ons niks met die saak te doene het nie, want ons naaste se saligheid en God se heerlikheid is heeltemal ons saak! Ons het dus deel aan hierdie sonde as ons dit ooglopend toelaat en geen poging aanwend om dit te verhoed nie.

Let ook op die volgende saak.

- 'n Gevloek kom uit die hart uit.
- As ons dan God se Naam gebruik om te vloek, dan bewys dit dat alles wat ons bely in die Naam van die Drie-Enige God niks anders is as leuens nie, want ons is bereid om hierdie selfde God te verloën met laster.

Daarom word ons gedreig met straf as ons hierdie sonde doen.

**... want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.** (Exodus 20:7b AFR53)

Die regverdigheid van God kan nie ongewreek gelaat word nie.

- Die lankmoedigheid van God kan ook nie onbeperk aangaan nie.
- Daarom word hierdie sonde gestraf. Deeglik. Met die ewige dood.

Eintlik is dit logies, want wie sal nou kan verwag dat so 'n koelbloedige sondaar by die God kan lewe wie se Naam hy as vloek en skeldwoord gebruik het? Die hel is die oortreder van hierdie gebod se voorland.

Maar hierdie gebod verbied ons nie net om die Naam van God onheilig te gebruik nie.

- Dit gebied ons ook tot die heilige roeping om God se Naam wel te gebruik, want ons moet.
- Maar met eerbied, en diepe aanbidding.

Ons lees dan in Psalm 50:15:

**En roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uit help, en jy moet My eer!**  
(Psalm 50:15 AFR53)

Geliefdes, laat ons dan nie die lankmoedigheid van die Here in hierdie gebod beproef nie.

- Kom ons handhaaf die eer van God se Name, en ons leer dit ook so aan ons kinders.
- Laat ons sy Naam verheerlik. En in sy Naam glo. En in sy Naam bid.

Lees Kategismus 36

**Vraag 99: Wat eis die derde gebod?**

**Antwoord:** *Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek (a), deur 'n valse eed (b) of deur onnodig te sweer nie (c). Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie (d). Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie (e), sodat Hy deur ons reg bely (f), aangeroep (g) en in al ons woorde en werke geprys word (h).*

*(a) Lev 24:15, 16. (b) Lev 19:12. (c) Matt 5:37; Jak 5:12. (d) Lev 5:1; Spr 29:24. (e) Jer 4:2; Jes 45:23. (f) Matt 10:32; Rom 10:9, 10. (g) Ps 50:15; 1 Tim 2:8. (h) Kol 3:17; Rom 2:24; 1 Tim 6:1.*

**Vraag 100: Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te vloek dat God Hom ook oor elkeen vertoorn wat hierdie sonde nie sover moontlik teëgaan en verbied nie?**

**Antwoord:** *Ja, seker (a), want geen sonde is groter en vertoorn God meer as die lastering van sy Naam nie. Daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf (b).*

*(a) Spr 29:24; Lev 5:1. (b) Lev 24:16.*

**Amen**

Slotgebed

Slotpsalm 68:2 (p. 331)

- 2 Maar al Gods volk, in Hom verheug, / sal opspring in hul sielevreug / en huppel voor sy oë;  
sy mag, wat alle mag oortref / en uit verneeding hul verhef, / sal nooit hul val gedoë.  
Hef tot Gods eer 'n danklied aan; / verhoog, verhoog voor Hom die baan; / sing, al wat leef, sy ere!  
Berei die weg, in Hom weer bly / wat deur die wye vlaktes ry: / sy Naam is HEER der here!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 9 November 2014